

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Praetextatus
## 24 Februarie

(sterf 586)

Hy staan ook bekend as Prix en hy is aangestel as biskop van Rouen (in Frankryk) in die jaar 550. Gou word hy betrek by die onstuimige politiek en burgeroorloë wat in die destydse Frankiese ryk geheers het. Daar was 'n verskriklike en verbete stryd aan die gang tussen die seuns van koning Lotharius I (sterf 561). Fredegunde, die vrou van Kilperik, een van Lotharius se seuns, is deur biskop Praetextatus van moord beskuldig. Sy neem wraak deur hom te laat verban en uiteindelik te laat vermoor.